

Woensdag Brief 22 Julie 2020

Gegroet vanuit die pastorie

Is dit nou die wêreld wat om geld draai, of is dit geld wat die wêreld omarm? Ek dink miskien beide is 'n onwaarheid, behalwe natuurlik as mens identiteitspolitiek toepas. Hoeveel mense sal voor 'n simboliese kruis in absolute samesyn op een knie neersak en die gebalde vuus as oorwinningsteken gee oor Jesus wat as Christus vir almal opgestaan het? Ek hoop niemand nie, want onse Here het nie so 'n tipe identiteit nie. Moeder Teresa het dit baie duidelik uitgeblaker in haar mening sy sal opstaan vir iets wat reg is, maar nooit teen iets wat verkeerd is nie, want laasgenoemde is 'n mors van tyd en versterk net die verkeerde.

Sodra dit nodig voel om iets te bewys, dan is daar iets daaragter wat nie gesien kan word nie. Mens ervaar iets nie oor wat ander aan jou doen nie, maar wat jy van jouself dink. Nie 'n miljoen mense wat jou probeer wys jy is reg, gaan jou regmaak nie. Dit sal nou nie eens help ons kniel met gebalde vuiste en verklaar dat True Faith Matter (TFM) nie. Geloof is van binne en ons eise altyd van buite.

Die pyngedagte is natuurlik dat daar vele persone is wat meen hulle is geregtig op mense se onvoorwaardelike ondersteuning en aanvaarding omdat hulle gelowig is. Wie hulle vertrou vir beleggings en uitstekende produkte wat mens se beursie seermaak, beleef gewoonlik veel skade. Was dit Anton Rupert wat die mening gehuldig het dat as iemand hom probeer oortuig van iets met sy geloof op sy tong, dan waag hy niks met die persoon nie. Dit wat mens regtig het, hoef jy nooit te vermeld nie. Dit wat mense regtig nie het nie, dit flits hulle graag in mense se oë.

Toe ek die foto's sien van die sportsterre wat so eerbiediglik die identiteitspolitiek aanbid, het daar so 'n renonserigheid in my opgestaan. En des te meer so die ondergrond van dié soort politiek wat geen teenkanting of kritiek duld nie, maar wel eis dat alles van hulle geduld moet word. Dit voel vir my soos 'n soort van skulderkenning op voorwaarde van 'n stewige bankbalans, maar word skynheilig weerspieël as eerlike integriteit na diepe besinning. Maar as so iets gesê word klink dit weer dat uitgeblaker word sekere mense se lewens maak nie saak nie en is jy dadelik 'n rassis en en route om aangemeld te word by die MRK.

Identiteitspolitiek het reeds 'n groot deel van die tersiêre onderrig omgewing oorgeneem. Die wyse persone wys uit dat die vrug daarvan wrywing, haat en onmin skep. Dit vloei oor na 'n geskel eerder as debat en afbreek van standbeelde eerder as opbou van kennis. Dit klink al te veel soos die duiwel wat net kom om te steel en te moor en te vernietig. Moeder Teresa sou nie 'n aks of sekonde van haar lewe afgestaan het aan identiteitspolitiek nie en ook nie Anton Rupert nie. Vir die nuusmedia weer bied dit heerlike prent- en woord materiaal wat opgeslurp raak of dit is om saam hande te klap of kwaad daaroor te word.

Wat al hoe meer na vore kom en veral nou in die tyd van die coronavirus, is dat in hierdie land van ons daar veel meer goedgesindheid is tussen mense van verskillende groeperinge op alle vlakke, as wat die nuusmedia en politici en MRK graag sou wou toegee. Dat alle mense wat opreg en volkome streef te lewe, dieselfde kans vir elke ander mens moet bied, is die taal van opbou en saamwerk na 'n beter lewe vir almal. Deur eenvoudig elke dag aan ander te doen wat jy wil hê hulle aan jou moet doen, is die goue lewensreël en miskien al medisyne wat kan werk teen skynheiligheid in die naam van Mammon en onderdrukking en verworpenheid.

Mooiloop

Tot volgende keer